

# Die Here is naby

---

## *Reeks preke oor die brief aan die Filippense*

Dr AH Bogaards

2014

### Preek 13

Lees: Fil 4

Teks: Fil.4:6,7 (Filippense-reeks, nr.13)

Datum: 10 Augustus 2014

Psalms: Ps.84:1,2; Ps 130:1,2; Ps 130:3,4; Ps.42:5; Ps.68:9

## 1. Inleiding

U het almal al op een of ander stadium van u lewe 'n konsert bygewoon. U weet dus dat daar op die verhoog 'n gordyn is. As die gordyn sak, sien u nie meer die spelers nie. As die gordyne daarna oopskuif, kan u weer die toneel sien en geniet en lag en bly wees.

Hierdie beeld wil ek gebruik om ons teks aan u te verklaar en die lewe van 'n gelowige aan u te verduidelik. En dit doen ek dan aan die hand van die volgende punte:

1. die gordyn sak;
2. die gordyn oopgeskuif; en
3. die vredegewende toneel.

### 2.1. Die gordyn sak

In vers 4 is ons opgeroep om bly te wees. Ja, **om altyddeur bly te wees**, wat die omstandighede ook al mag wees.

Paulus het ook aan ons **die geheim** van 'n Christen se voortdurende blydschap onthul : dit is ons Here Jesus, sy **nabyheid**. **As ons Hom maar met die oog van ons geloof sien staan op die**

**verhoog van ons lewe**, kan ons altyd bly wees. Want as ek Hom sien, weet ek: Hy regeer. My lewe is in sy hand en Hy laat alles ten goede meewerk. Dit so 'n wonderlike toneel. Dit gee so 'n heerlike vreugde.

Maar soms sak daar 'n gordyn op die verhoog van ons lewe. Dan sien ons ons Here nie meer staan nie. Dan hou die gelag op. Dan word dit treurig, donker en somber in ons hart.

Wat is daardie gordyn? Paulus noem dit by name: *besorgdheid*. Intense kommer, bittere besorgdheid - dit kan 'n gordyn voor ons oë laat sak. Ek bedoel maar: ons bekommernisse kan so swaar op ons rus, dat ons net daaraan dink. Ons sorge kan ons sodanig in beslag neem, dat ons vir niks anders meer oog het nie. Dan verdwyn Jesus agter die gordyn van ons sorge. Dan sien ons Hom, die bron van ons blydschap, nie meer staan nie. En, ja ... as dit eers so ver is, dan verdwyn die glimlag uit ons lewe. Dan gaan die ligte uit. Dan is dit net donker.

Besorgdheid, dit is so wyd soos ons lewe: dit kan besorgdheid wees oor u kind. Of oor u man of u vrou. Dit kan ondraaglike kommer wees oor 'n siektetoestand wat maar net nie wil genees nie. Of dit kan angs wees oor die toekoms. En voeg maar by hierdie lysie by wat u kwel, so kwel dat u net daarvoor kan loop en tob.

Uit ons teks is dit duidelik dat die Filippense dit ook geken het. Hulle was diep besorgd. Dit kon kommer gewees het oor die vervolging wat hulle moes verduur en wat alles daarmee saamgegaan het. Dit kon sekerlike ook sorg gewees het oor hulle kinders wat in 'n heidense omgewing moes groot word.

Wat dit presies was, weet ons nie. Maar een ding weet die apostel: dat dit vir 'n gelowige nie goed is nie. Dit beroof ons van ons blydschap. Want dit ontnem ons van ons uitsig van Jesus. Daarom waarsku hy: *Wees oor niks besorg nie ...* En voorafgaande aan hierdie bevel sê hy: *Die Here is naby*. En daarmee sê hy: mense, wees tog nie so vreeslike besorgd nie; sien ons Here Jesus tog staan, die almagtige; Hy is tog in beheer.

Maar u moet ook daarop let **hoe sterk Paulus dit stel**: Wees oor *niks* besorgd nie. Niks nie! Dit sluit **alles** in. Alles waaroor u so bekommerd kan wees: u geld, u gesondheid, u werk, u huisgesin. Wees oor geneen van daardie dinge besorgd nie, beveel die Heilige Gees ons hier.

Wees nie besorgd nie. Dit is tog nie nodig nie. Immers: **die Here is tog naby**.

Erens sê Kohlbrugge: Wat 'n dwase is ons tog dat ons ons so kwel. Want lank voordat ons nog verstand gehad het, ja lank voordat ons nog bestaan het, van alle ewigheid af het God al vir ons gesorg.

Ons het dus nie die minste rede om bekommerd te wees nie. Want ons lewe is in goeie hande, almagtige hande, Vaderhande.

En tog, tog bekommer ons ons. Dit is so deel van ons. En ons weet nie hoe om van die ondraaglike las bevry te word nie.

Maar God weet dit! Hy ken sy skepsele. Hy weet hoe maklik ons ons laat oorweldig deur ons sorge. Daarom wys Hy ons in ons teks:

## 2.2. hoe die gordyn weer weggetrek kan word

en hoe ons Jesus weer kan sien staan op die verhoog van ons lewe.

Hy doen dit deur ons te wys op die groot gawe van die gebed: Wees oor niks besorg nie, *maar laat julle begeertes in alles deur gebed ... bekend word by God.*

En nou wil ek u toon - weer met behulp van 'n beeld - wat die gebed **nié is nie** en wat dit **wél is**:

- *Eerstens wat dit nié is nie.* Of anders gesê: wat ons dikwels van die gebed maak.

Ons kan die sorge van ons lewe met 'n pak vergelyk: 'n pak wat veels en veels te swaar is om te dra. Daarmee gaan ons na God toe deur die gebed. En in ons gebed begin ons aan Hom verduidelik hoe die pak daar uitsien en hoe bitter swaar dit vir ons is om dit te dra. Ons lig die Here in besonderhede in oor al ons vreeslike sorge. MAAR ... as ons klaar gebid het, neem ons daardie ondraaglike las weer op en gaan daarmee verder ons lewe in.

DIT is nou juis wat die gebed **nié is nie**! Die gebed is nie maar net om 'n klomp informasie deur te gee aan die Here nie. As dit so was, was die gebed nie eens nodig nie. Want immers: God weet al lankal wat ons kwel, nog voordat ons dit vir Hom sê!

- Maar wat is die gebed dan **wél**? Dit in die *tweede* plek.

Dit is om daardie pak oor te gee in die hande van die Here en om dit in sy hande te laat.

- Ons skouers is te swak om die las van die lewe te kan dra. Lê dit daarom op skouers wat dit wel kan dra: werp dit daarom deur die gebed op die skouers van God!

- Ons handjies is te swak om ons sorge te hanteer. Lê dit daarom biddend in die almagtige hande van God! Dit beveel Hy ons in ons teks: **laat julle begeertes bekend word by God!**

\* En hier wil ek weer terugkom by die woordjie **besorgdheid**. Die woord het eintlik die betekenis van: **om meer te wil wees as wat jy is**. Dit wil sê: ons is nie daarmee tevrede dat ons mense is nie. Ons wil meer wees. Ons wil soos God wees. Ons wil self ons laste dra en ons wil self ons probleme oplos.

En juis daarteen waarsku die Here ons hier: moet tog nie probeer om meer te wees as wat jy is; moenie self jou pak probeer dra nie; jou skouers is nie daarvoor gemaak nie ; jou hande is nie sterk genoeg daarvoor nie. Jy sal te gronde gaan onder die las; jy sal stres kry van al die sorge; jou senuwees sal gedaan raak daarvan. Gee dit daarom vir God. Hy **kan** dit wel dra. Ja, Hy **wil** dit ook vir jou dra.

Nog twee punte in verband met die gebed vra ons aandag:

⇒ *Eerstens*: Paulus sê nie alleen dat ons moet bid nie, maar: Laat julle begeertes deur gebed **EN smeking** bekend word by God. **Smeking** beteken natuurlik ook bid. Maar die woord smek is nog intensiewer: dit is roep om hulp, ‘n skreeu uit die diepte van ons ellende tot God. So hoor ons die Psalmdigters ook dikwels roep: “My hart en vlees, o God roep luid tot U wat leef, verlangend uit” (Ps.84:1, berymd). Ons mag maar smek. Ons mag maar roep. Ons mag maar aan die Here wys hoe swaar ons nood is en hoe benoud ons kry. Ons geloof maak ook nie van ons gevoellose klippe wat die pyn van die lewe nie voel nie.

⇒ *Tweedens* praat die apostel van **danksegging**. Dit hoort eweneens by ons gebede. Ook by ons gebed in nood. Ook dan mag die danksegging nie ontbreek nie. Maar waarvoor moet ons dank, vra u miskien? *Waarvoor* moet ons dank as ons probleme nog nie eens opgelos is nie? *Omdat* ons mag weet - op grond van God se belofte - **dat die Here naby is** ook in die donkerste oomblikke van ons lewe! En *omdat* ons ons nood in sulke liewe, sterk Vaderarms mag lê! En *omdat* ons mag weet dat die Here ‘n hoorder is van ons gebede!

- Iemand het eenmaal gesê: die gebed het twee vlerke: smeking en danksegging. En ewemin as wat ‘n voël kan vlieg as sy een vlerk gebreek is, ewemin kan ons gebede van die grond af kom as dit nie gepaardgaan met danksegging nie. Weet u waarom is dit so? Omdat danksegging alles met geloof te make het: geloof in God se vaderlike goedheid en geloof in sy onbeskryflike wonderlike sorg. Wie daarvan deurdrenk is, sal ook sing en dank in die diepste duisternis. Ja, dit kan, sê die

digter van Psalm 42 midde in ‘n see van verdriet: *Ook deur donker nag omgewe, sing ek nog my pelgrimslied. Ja, ek lofsing in die nag...* Ja, dit kan, sê hy, want ek bly die **HEER** verwag.

Wat is dankbaarheid? Om te steun op God se beloftes, om te bid om God se beloftes, om sy heerlike beloftes, om sy werke in woord en daad te verkondig – ook in ons gebede.

As ons bid, gaan die gordyn op. Ons sorge verdwyn en

### 2.3. 'n vredegewende toneel verskyn voor ons oë

Want by die opdrag om te bid, gee die Here sy belofte: *En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus*”. So verhoor die Here sy kerk se gebed.

Maar het u mooi gehoor: daar word nie ‘n woord gerep oor die dinge waaroor die Filippense so bekommerd was nie? *Paulus sê dus nie*: Maak julle sorge bekend ... en die Here sal dit wegneem, nie!

In die Bergrede kry ons dieselfde. Jesus sê wel vir ons dat ons ons nie moet kwel nie en dat ons Vader vir sal ons sorg. MAAR Hy sê *nie*: Alles sal regkom, nie. Inteendeel, aan die einde van Matteus 6 sê Hy: *...môre sal hom oor sy eie dinge kwel*. En: *Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad*’ (Mt.6:34). Ons word dus deur die geloof nie gevrywaar vir sorge nie. Ons beleef geen dag wat nie sy eie kwaad het nie.

Daarmee wil ek natuurlik nie sê dat God nooit ons beproewings wegneem as ons Hom daarom smee nie. Dit kan wel. Hy is immers almagtig. Maar dit kan ook anders gebeur. Die Here kan die swaar aanvegting laat bly in ons lewe. In sy groot wysheid en in sy oneindige liefde kan Hy tog besluit dat dit vir ons beter is.

Hierdie gebed beteken dus nie noodwendig dat alle oorsake van ons sorge van die verhoog van ons lewe weggeneem word nie. **Maar** in antwoord op ons gebed laat die Here ‘n ander toneel voor ons oë verskyn. En dit vind u in die woord van v.7: *En die vrede van God...sal ons hart en ons verstand bewaar in Christus Jesus*.

Die beeld wat ons hier voorgehou word, is die van ‘n skildwag. Dit moes die Filippense sekerlik sterk aangespreek het. Filippi was immers ‘n militêre stad, ‘n bolwerk van die Romeinse Ryk in ‘n besette gebied. Die gelowiges daar was daarom gewoond om soldate rondom die stad te sien

loop, skildwagte wat waak oor die vesting en die vyand buite hou. En dit moes hulle sekerlik ‘n gevoel van rustigheid en veiligheid gegee het: ek word beskerm!

En nou sê Paulus: Gemeente, so waak die vrede van God oor ons hart en ons gedagtes. Ons hart en ons gedagtes is ‘n stad. Dit word bestorm deur allerhande sorge. Maar dan gee God, in antwoord op ons gebed, ‘n skildwag. En hierdie soldaat hou die intense kwellinge uit ons hart en ons gedagtes. Danksy die skildwag kry die sorge nie die kans om die stad binne te dring nie. Die kommer oorweldig ons nie meer nie. Nee, die probleme is nie weg nie. Maar die kry nie die kans om ons gedagtes te oorheers en so ons aandag van ons Hereaf te trek nie.

Dit maak ons angstig-nuuskerig om te weet wat daardie skildwag presies is. Wat is daardie soldaat wat aan ons soveel rus gee selfs midde-in ‘n see van sorge? Paulus sê dit vir ons: dit is ***die vrede van God in Christus Jesus***.

Laat ek daardie heerlike vrede aan u verklaar. Dit kom hierop neer: ***in Christus Jesus***, deur die geloof ***in*** Hom is alles weer reg tussen my en God. Danksy sy bloed het ek weer God as Vader. My lewe is in sy hand en Hy waak oor my met sy liefdevolle sorg en sy almag.

En nou wil ek dit baie duidelik aan u sê: hierdie skildwag genaamd vrede – dit het alles te make met die kernwoorde van Filippense: ***die Here is naby***. Die vrug van sy kruisoffer is dat ***die Here naby is*** in my lewe. Dít, juis dít is vrede in die heerlikste, volste sin van die Woord: dat die Here naby is.

As ons aan Hom dink, kom daar ‘n vrede in ons hart, ‘n onbeskryflik heerlike vrede, ‘n vrede wat alle verstand te bowe gaan.

### 3. Slot

Sorge is ‘n feit: ons kan die feit van ons siekte en die feit van ons kommer oor die toekoms en ons sorge oor ons kinders nie wegredeneer nie. Maar God is ook ‘n feit. En dit is ‘n ‘n feit dat ***die Here naby is***. Dit is ‘n feit dat Hy oor ons waak. Dit is ‘n feit dat Hy almagtig is. Lê daarom die ondraaglike swaar las wat u moet dra in sy hande. Want dit is ‘n feit:

***Hy kan en wil en sal in nood,  
selfs as ons sidder vir die dood,  
volkome uitkoms gewe*** (Ps.68:9,berymd)

AMEN